Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 74/02
Datum verhoor: 2003-04-14
Datum gelewer: 2003-04-17

In die appél van:

**JERRY MOKALAKE** **EERSTE APPELLANT**
**FRANK LEBURU** **TWEEDE APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* LACOCK R

# UITSPRAAK OP APPéL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellante het saam met twee ander persone in die Streekhof tereg gestaan op twee aanklagte van roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, no. 51 van 1977 (*'die Wet'*). Hulle twee medebeskuldigdes is op beide aanklagte onskuldig bevind. Die appellante is skuldig bevind op die eerste aanklag, maar onskuldig op aanklag 2. Die eerste appellant is toe gevonnis tot vyftien jaar gevangenisstraf en die tweede appellant tot negentien jaar gevangenisstraf. Hulle kom nou in hoër beroep teen beide hul skuldigbevindings en vonnisse en het hulle ook 'n aansoek gerig om verdere getuienis ooreenkomstig die bepalings van artikel 316 van die Wet aan te bied tydens die aanhoor van hierdie appél. Meneer Langenhoven, wat namens beide appellante voor ons verskyn het, het heeltemal tereg toegegee dat daar nie voldoen is aan die bepalings van die voormelde Wetsbepaling nie en gaan

hy gevolglik nie voort met die aansoek vir die lei van verdere getuienis nie.

2. Wat aanklag 1 aanbetref, waarop die appellante skuldig bevind is aan die ten laste gelegde misdryf, het dit gegaan oor 'n rooftog wat plaasgevind het op 27 Maart 2000 by die Galeshewe bottelstoor net na ses uur die oggend. Volgens van die getuies wat namens die Staat getuig het, het 'n totaal van vyf booswigte daardie oggend hulle verras terwyl hulle besig was om voorraad op 'n trok te laai by die voormelde bottelstoor, hulle is aangehou met vuurwapens en 'n bedrag van meer as R53 000 is buitgemaak deur die rowers.

3. Die appellante se regsverteenwoordigers het tydens die verhoor die identiteit van die rowers in geskil geplaas en het beide appellante alibi's as verwere voorgehou. Die eerste appellant is deur 'n staatsgetuie, Kenny Lonhane,

uitgeken as een van die rowers wat 'n drasak in sy hand tydens die rooftog gehad het. Die tweede appellant is uitgeken as een van die rowers deur die klaer, Mnr. Mathipa Matsia wat destyds die bestuurder van die Galeshewe bottelstoor was, sowel as deur die staatsgetuie Matome Matemo. Soos wat die geval is met Mnr. Lonhane was Mnr. Matemo ook 'n werknemer by die Galeshewe bottelstoor wat die bepaalde oggend oorval is deur die rowers.

4. Die belangrikste staatsgetuie is Dan Morgan wat op versoek van die staatsaanklaer deur die streekslanddros gewaarsku is ooreenkomstig die bepalings van artikel 204 van die Wet alvorens hy getuienis afgelÍ het. Volgens hierdie getuie was hy op die dag voor die voorval aanwesig toe die rooftog by Galeshewe bottelstoor beplan is, aan huis van die destydse beskuldigde 4 wat aan die

einde van die saak onskuldig bevind is. Hierdie getuie het getuig dat beide appellante ook teenwoordig was waar die beplanning van die rooftog plaasgevind het. Volgens Morgan het hy egter verslaap op die dag van die roof en het hy die twee appellante sowel as die twee voormalige medebeskuldigdes en ene Lenton Letwidi ('n voormalige medebeskuldigde wat voor die aanvang van die verhoor afgesterf het) in die straat ontmoet nadat die rooftog reeds uitgevoer was. Morgan het verder getuig dat hy teenwoordig was toe die buit verdeel was by ene Alfie se huis, maar het hy niks daarvan ontvang nie aangesien hy nie deelgeneem het aan die rooftog nie. Hy het verder ook getuig dat hy, op uitnodiging van die rowers, hulle vergesel het na Johannesburg na die roof.

5. Die staat het ook die getuienis van verdere getuies Jafta, Nduma, Neser en Mafa gelei, maar is die getuienis nie

tersaaklik by die beregting van die geskilpunt ten aansien van identifikasie wat daar tussen die staat en die verdediging bestaan het nie. Jafta is as 'n getuie deur die staat gediskrediteer, terwyl die ander drie getuies se getuienis op ander aspekte slaan.

6. Beide appellante het in hulle verdediging getuig en alibi's voorgehou.

7. Die landdros het in 'n deeglik beredeneerde en weloorwoë uitspraak bevind dat die staat die skuld van die betrokke twee appellante bo redelike twyfel bewys het en het hulle alibi's verwerp, terwyl hy ten aansien van die twee voormalige mede-beskuldigdes wat onskuldig bevind is, die voordeel van die redelike twyfel wat daar by hom bestaan het aangaande hulle skuld, aan hulle toegedeel het. Die landdros het in sy uitspraak deeglik voor oë gehou dat Morgan as 'n medepligtige se getuienis met

versigtigheid benader moet word. Hierdie versigtigheid wat hy aan die dag gelÍ het word dan ook weerspieël in sy evaluering van Morgan se getuienis, aangesien hy sekere punte van kritiek teen sy getuienis aangestip het. Die landdros het Morgan se getuienis benader op die basis dat hy sy getuienis sou aanvaar waar dit die appellante inkrimineer slegs waar dit gestaaf word deur ander aanvaarbare getuienis. Die landdros het dieselfde versigtige benadering aan die dag gelÍ ten aansien van die identifikasie getuies, Matsia, Matome en Lonhane. Die landdros was tevrede dat hierdie getuies nie net eerlik was nie maar dat hulle uitkenning betroubaar was.

8. Meneer Langenhoven het namens die appellante aangevoer dat die landdros gefouteer het deur te bevind dat die identifikasie getuienis genoegsame stawing was vir Morgan se getuienis. Soos ek sy argument verstaan,

lÍ hy klem daarop dat die landdros onvoldoende gewig verleen het aan die aspekte van kritiek teen Morgan se getuienis wat die landdros wel aangestip het. Verder voer Mnr. Langenhoven aan dat die identifikasie getuies se geleentheid vir waarneming en vooraf kennis van die appellante in die onderskeie gevalle, onvoldoende was om 'n betroubare uitkenning daar te stel.

9. By deurlees van die oorkonde kan 'n mens nie anders as om saam te stem met die landdros dat Dan Morgan nie in alle wesenlike opsigte 'n bevredigende getuie was nie. Dit wil my voorkom asof Morgan sy eie rol in die beplanning en uitvoering van die rooftog aansienlik afgewater het. As medepligtige is hy natuurlik verder in die unieke posisie dat hy die verloop van die gebeure so kan inkleur soos wat dit hom die beste pas, aangesien hy volledig kennis dra van die ware feite van die gebeure.

Dit is juis waarom 'n mens, soos wat die landdros heeltemal korrek gedoen het in hierdie aangeleentheid, 'n medepligtige se getuienis met aansienlike versigtigheid moet benader.

Sien in dié verband: **S v Snyman 1962(2)SA 582 (A)** te 585 C;

**S v Francis 1991(1)SASV 198 (A)** te 205 e-g.

Ek is die mening toegedaan dat daar geen wesenlike kritiek uitgespreek kan word teen die landdros se benadering ten aansien van die getuienis van die medepligtige Dan Morgan nie. Die landdros se benadering getuig, soos ek alreeds uitgewys het, van 'n sorgvuldige en weldeurdagte oorweging van die minder bevredigende gedeeltes van Morgan se getuienis. Ek stem met die landdros saam dat Morgan se getuienis egter nie so swak is dat dit hoegenaamd nie aanvaar kan word nie.

10. Die vraag wat vervolgens ontstaan is: Stel die identifikasie getuienis voldoende stawing daar vir Morgan se getuienis? Dit is vir my duidelik dat daar vir die uitkenningsgetuies voldoende geleentheid was om 'n betroubare identifikasie te kan maak. Hierdie voorval het naamlik helder oordag plaasgevind en het dit nagenoeg 'n halfuur geduur. Albei die getuies wat die tweede appellant uitgeken het (die klaer en Matemo), het getuig dat hulle hom die vorige dag ook by die bottelstoor gesien het waar hy bier gedrink het. Veder is die eerste appellant goed bekend aan die staatsgetuie Lonhane wat hom uiteindelik uitgeken het. Daar is weliswaar nie uitkenningsparades gehou in hierdie saak nie (wat uiteraard die staat se taak aansienlik sou vergemaklik het), maar meen ek dat dit nie fataal is nie. Ek is die mening toegedaan dat die landdros heeltemal korrek die uitkenningsgetuies se getuienis na versigtige oorweging

aanvaar het as geloofwaardig en betroubaar in die omstandighede. Ek is verder ook die mening toegedaan dat die landdros heeltemal korrek was in sy verwerping van die twee appellante se leuenagtige verwere van alibi's.

11. Wat vonnis aanbetref is die enigste tersaaklike aspek hierin die feit dat Mnr. Langenhoven aanvanklik in sy betoogshoofde aangevoer het dat die appellante verkeerdelik aan roof met verswarende omstandighede skuldig bevind is en slegs aan roof skuldig bevind moes gewees het. Hierdie submissie spruit daaruit dat die oorkonde weergee dat daar bloot aanklagte van roof gestel is aan die appellante op die stadium toe hulle gevra is om te pleit. Meneer Langenhoven het egter tydens mondelinge betoog tereg toegegee dat hierdie submissie nie substansie het nie, aangesien:

a) die appellante regsverteenwoordig was en die klagstaat korrek die aanklagte weergee as roof met verswarende omstandighede; en

b) die oorkonde nie voorgee om 'n verbatim weergawe van die verrigtinge toe die aanklagte gestel was aan die appellante, te wees nie. Dit wil my voorkom dat dit slegs die oorskryfster wat die klankbande getranskribeer het, se opsomming van die verbatim verrigtinge weergee.

12. Ingevolge die bepalings vervat in artikel 51(2)(a)(i) van die Strafregwysigingswet, wet 105 van 1997 ("die Strafregwysigingswet"), is die minimum vonnis wat die appellante opgelÍ moes word by die afwesigheid van wesenlike en dwingende omstandighede, een van 15 jaar gevangenisstraf. Die landdros se bevinding dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede in hierdie saak

aanwesig is nie, word hoegenaamd nie aangeval op appél voor ons nie. Die landdros het die eerste appellant gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf en die tweede appellant tot 19 jaar gevangenisstraf. Die maksimum vonnis wat die landdros kon oplÍ in die lig van die voorbehoudsbepaling vervat in artikel 51(2) van die Strafregwysigingswet is een van 20 jaar gevangenisstraf. Die landdros het hier 'n onderskeid getref tussen die twee appellante omdat die tweede appellant 'n tersaaklike vorige veroordeling gehad het, naamlik een van roof waarvoor hy vier jaar gevangenisstraf opgelÍ was. Meneer Langenhoven het toegegee dat die vonnisse nie onvanpas is nie, gegewe die omstandighede van die misdryf hierin en maak hy ook nie aanspraak op enige mistasting wat die landdros sou begaan het tydens vonnisoplegging nie.

13. Gevolglik is daar geen meriete in die appél teen skuldigbevinding en vonnis nie. **Die appél word afgewys en die skuldigbevinding en vonnis van beide appellante word bekragtig.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

_________________

**HJ LACOCK**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | ADVOKAAT G.T. LANGENHOVEN |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADVOKAAT C.G. JANSEN |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2003-04-14 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2003-04-?? |